



## Kleipotte *wat maklik breek?* 'n Herverstaan van 2 Korintiërs 4:7

W.C. Vergeer  
Skool vir Bybelwetenskappe & Antieke Tale  
Potchefstroomkampus  
Noordwes-Universiteit  
POTCHEFSTROOM  
E-pos: wimvergeer@mweb.co.za

### Abstract:

#### Clay pots *that break easily?* A reinterpretation of 2 Corinthians 4:7

*Translations of and commentaries on the Bible see the image of clay pots Paul uses in 2 Corinthians 4:7 as a derogatory self-characterisation which is used to depict the fragility, ordinarieness, cheapness or expendability of those that serve in the ministry. It is generally held that the brittleness of the clay pots in a paradoxical way underlines the “all-surpassing power of God”. In this article the thought structure, syntactical, grammatical and socio-historic basis for this understanding of 2 Corinthians 4:7 is researched and (re)interpreted. The results suggest that the metaphor of clay pots should be understood in a complementary rather than a paradoxical way.*

### Opsomming

#### Kleipotte *wat maklik breek?* 'n Herverstaan van 2 Korintiërs 4:7

*Bybelvertalings en kommentare beskou die beeld van kleipotte wat Paulus in 2 Korintiërs 4:7 gebruik as 'n neerhalende self-karakterisering wat die breekbaarheid, onaansienlikheid, goedkoopheid of ontbeerlikheid van evangeliedienaars beskryf. Die algemene instemming is dat die broosheid van die kleipot “die allesoortreffende krag van God” op 'n paradoksale wyse wil beklemtoon. Die gedagtestruktuur, sintaktiese, grammatiese en sosio-historiese basis van hierdie uitsig op 2 Korintiërs 4:7 word ondersoek en (her)verstaan. Die resultate dui daarop dat die beeld van kleipotte eerder komplementêrend as paradoksaal verstaan moet word.*

## 1. Inleiding

2 Korintiërs 4:7 is ’n bekende gedeelte uit die Nuwe Testament. Die metafoor van kleipotte wat daarin gebruik word, beskryf oënskynlik die broosheid van die bestaan op aarde so treffend dat mense maklik daarmee identifiseer en ’n boodskap van Christelike troos daarin vind.<sup>1</sup> Nadere eksegesi van hierdie Skrifgedeelte laat egter vrae ontstaan of hierdie metafoor (en daarmee ook die res van die perikoop) wel geldig verstaan word. Die Griekse teks maak immers slegs melding van ὀστρακίνοις σκεύεσιν (erdehouers). Verwysings na die breekbaarheid of krake van hierdie houers kom nie (eksplisiet) in die teks voor nie. Dit is dus ’n vraag watter inligting binne of buite die teks die vertalers van die 1983-Afrikaanse Vertaling gelei het om ὀστρακίνοις σκεύεσιν te vertaal met “kleipotte wat maklik breek”.

In ’n poging om hierdie vraag te beantwoord, word verskillende vertalings van 2 Korintiërs 4:7 vergelyk en word die gedagtestruktuur, bepaalde sintaktiese en grammatiese elemente, asook enkele sosio-historiese aspekte van hierdie gedeelte ondersoek.

## 2. ’n Vergelyking van verskillende vertalings

### 2.1 Verskillende vertalings

1933-1953-Afrikaanse Vertaling (OAV)	<i>Maar ons het hierdie skat in erdekruike</i>
Nuwe Lewende Vertaling (NLV)	<i>Ons het hierdie skat egter maar net in breekbare kleipotte</i>
Lewende Bybel (LB)	<i>Ek is soos ’n eenvoudige kleipot waarin daar iets baie kosbaars gesit is</i>
Die Boodskap (DB)	<i>Ek is soos ’n breekbare kleipot</i>
Statenvertaling (SV)	<i>Maar wij hebben dezen schat in aarden vaten</i>
De Nieuwe Bijbelvertaling (DNB)	<i>Maar wij zijn slechts een aarden pot voor deze schat</i>
1983-1992-Afrikaanse Vertaling (NAV)	<i>Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek</i>

---

1 So byvoorbeeld sou die beeld van die kleipot simbolies “na Christus se lyding en sterwe ter wille van ons” verwys (Du Rand, 2003:740), of dit beteken “jy hoef nie ’n groot vertoonvenster te wees nie – net ’n kleipot” (Dreyer, 2003:1472). Selfs krake wat in die kleipot sou voorkom, sou dit ten doel hê dat “die lig van Jesus se lewe” daardeur kan skyn (Fitzgerald, 1988:176).

Luthervertaling (LV)	<i>Wir haben aber diesen Schatz in irdenen Gefäßen</i>
New King James Version (NKJV)	<i>But we have this treasure in earthen vessels</i>
Today's English Version (TEV)	<i>Yet we who have this spiritual treasure are like common clay pots</i>
New International Version (NIV)	<i>But we have this treasure in jars of clay</i>
New English Bible (NEB)	<i>We are no better than pots of earthenware</i>
New Revised Standard Version (NRSV)	<i>But we have this treasure in clay jars</i>
Contemporary English Version (CEV)	<i>We are like clay jars in which this treasure is stored</i>
English Standard Version (ESV)	<i>But we have this treasure in jars of clay</i>
Novum Testamentum Latine (NTL)	<i>Habemus auctem thesaurum in vasis fictilibus</i>

## 2.2 Evaluering

In bostaande vertalings kan twee groepe onderskei word, naamlik:

- Vertalings wat ὄστρακίνοις σκεύεσιν bloot letterlik weergee as “kleipotte” of “potte van klei” (OAV, SV, LV, NKJV, NIV, NRSV, CEV, ESV, NTL)
- Vertalings wat die “kleipotte” verder kwalifiseer as iets minderwaardigs (LB, DB, DNB, TEV, NLT, NEB, NAV)<sup>2</sup>

Vertalings wat “kleipotte” verder kwalifiseer, kan in drie verdeel word:

- Vertalings wat die breekbaarheid van kleipotte beklemtoon (DB, NLT, NAV)
- Vertalings wat belemtoon dat die kleipotte ’n gewone gebruiksartikel is (LB, TEV)
- Vertalings wat aanduidings bevat of impliseer dat ’n kleipot ’n minderwaardige gebruiksartikel is (DNB, NEB)

---

2 Met die uitsondering van die NLT, maak al hierdie vertalings dit eksplisiet dat die “kleipotte” op mense (evangeliedienaars) dui.

Alhoewel die teks bloot “kleipotte” lees, is ’n beduidende deel van die vertalers dit dus eens dat die breekbaarheid en broosheid van kleipotte in die teks so sterk vooropstaan dat hulle dit in hulle vertalings eksplisiet maak. Die geldigheid van hierdie aanname word vervolgens deur verdere eksegetiese getoets.

### **3. Ontleding van die gedagtestruktuur, sintaksis en grammatika**

#### **3.1 Inleiding**

Die tweede Korintiërbrief word as die “mees persoonlike” van Paulus se briewe beskou (Coetzee, 1983:51; Lategan, 1984:80). Die brief gee insig in Paulus se oënskynlik komplekse verhouding met hierdie gemeente. Dit is onseker hoeveel briewe Paulus aan die Korintiërs geskryf het en in watter volgorde.<sup>3</sup>

#### **3.2 Ontleding: 2 Korintiërs**

Die volgende hoofdele kan in 2 Korintiërs onderskei word (Du Rand, 1999:1526):

1:1-1	Briefaanhef
1:12-7:16	Paulus se verhouding met die gemeente
8:1-9:15	Die belang van vrygewigheid en die Jerusalemkollekte
10:1-13:11	Paulus verdedig sy apostelskap
13:11-13	Briefslot

2 Korintiërs 7:4 maak dus deel uit van Paulus se bespreking van sy verhouding met die gemeente. In hierdie gedeelte gaan Paulus

---

3 Sedert Semler se kommentaar op 2 Korintiërs (1776) was daar debatte en verskillende standpunte oor die getal, egtheid en volgorde van die Korintiërbriewe (vgl. Coetzee, 1983:43-44; Fitzgerald, 1988:148-149; Du Rand, 1999:1526-1527; Dreyer, 2003:1467; Long, 2004:1-14). Vir die doeleindes van hierdie artikel word die bestaande aantal en volgorde van die briewe as die finale redaksie van die Bybelteks aanvaar.

apologeties<sup>4</sup> te werk, terwyl hy homself ook by die gemeente aanbeveel.<sup>5</sup>

### 3.3 Ontleding: 1:12-7:16<sup>6</sup> – Paulus se verhouding met die gemeente

Paulus se verhouding met die gemeente van Korinte was nie sonder probleme nie.<sup>7</sup> Tydens 'n vorige besoek van Paulus aan Korinte is verhoudings skynbaar vertroebel. Sy briewe is ook nie goed verstaan nie (2 Kor. 2:13). Die Korintiërs verdink hom daarvan dat hy in een asem “ja” en “nee” sê (2 Kor. 1:17-21), dat hy “gedweë” is as hy by hulle is, maar “manhaftig” as hy van hulle af weg is (2 Kor. 10:1, 10), en dat hy homself “aanprys” (2 Kor. 3:1; 5:12). Daar was skynbaar ook vroe onder die Korintiërs oor Paulus se nalating om hulle te besoek, sy bekwaamheid as apostel, sy spreekgawes en die rol wat geld vir hom in die bediening gespeel het (Long, 2004:120-135). Teenstanders<sup>8</sup> van Paulus het skynbaar munt uit sy afwesigheid geslaan, deur hom by die Korintiërs te diskrediteer.

In 2 Korintiërs 1:12-7:16 wil Paulus die verhouding met die gemeente herstel. Dit is vir hom belangrik dat hulle sy motiewe en optrede duidelik verstaan (2 Kor. 2:13). Hy doen dit deur die gebeure kortliks te skets, sy bediening te verduidelik en die goeie nuus wat Titus oor die Korintiërs se gesindheid gebring het, te verwelkom. Die volgende dele kan dus in 2 Korintiërs 1:12-7:16 onderskei word (Du Rand, 2003:737):

- 
- 4 Verskillende kommentare verwys na 2 Korintiërs, of gedeeltes daarvan, as Paulus se apologie (bv. Fitzgerald, 1988:157-160; Long, 2004:97-112).
- 5 Alhoewel Paulus op verskillende plekke selfaanbeveling afwys (2 Kor. 3:1; 5:12), kan dele van die tweede Korintiërbrief inderdaad as 'n selfaanbeveling gereken word (Fitzgerald, 1988:150). Paulus se selfaanbeveling verskil egter van dié van die vals apostels. Laasgenoemde wil hulleself verheerlik, terwyl Paulus “in die Here roem” (1 Kor. 1:31; 2 Kor. 10:17).
- 6 Die eenheid van 1:12-7:16 staan nie vir alle kommentatore vas nie. Veral 2 Korintiërs 6:14-7:1 kan wat styl en woordeskat betref, van die res van hierdie gedeelte onderskei word. Die moontlikheid moet verreken word dat dit Paulus self is wat bepaalde bestaande fragmente wat van 'n ander bron kom, in sy brief gebruik (Dahl, 1977:62-69; Rensberger, 1978:25-49).
- 7 Coetzee (1983:43-44), Thrall (2004:74-77) en Du Rand (1999:1526-1527; 2003:739) gee 'n goeie oorsig oor die moontlike verloop van gebeure.
- 8 Lategan (1984:82-86) en McCant (1999:17-18) bied 'n oorsig oor Paulus se teenstanders in Korinte.

1:12-2:13      Wat in die verlede tussen Paulus en die Korintiërs gebeur het

2:14-7:4	Paulus verduidelik sy bediening aan die Korintiërs
----------	--

7:5-16      Die goeie nuus wat Titus oor die Korintiërs gebring het

### **3.4 Ontleding: 2:14-7:1 – Paulus verduidelik sy bediening aan die Korintiërs**

Paulus gebruik die beeld van die kleipotte in die gedeelte waar hy sy optrede en bediening vir die Korintiërs verduidelik. Die gedagtestruktuur van hierdie gedeelte kan soos volg uiteengesit word:

2:14-17      Die AARD van die bediening – 'n Triomftog waardeur die kennis van Christus soos 'n lieflike geur versprei

3:1-3      Die REG tot die bediening – Die gemeente self is Paulus se Godgeskrewe aanbevelingsbrief

3:4-6      Die BEKWAAMHEID vir die bediening – God maak bekwaam

3:7-18      Die TIPERING van die bediening – 'n Nuwe verbond met God wat in heerlijkheid kom

4:1-15	Die MOED vir die bediening – 1e beredenering
--------	--

4:16-5:10      Die MOED vir die bediening – 2e beredenering

5:11-21      Die DOELWIT van die bediening – Om mense te oortuig van die versoening met God deur Jesus Christus

6:1-11      Die APPÈL van die bediening (1) – Oproep om met God te versoen sodat die genade nie tevergeefs ontvang word nie

6:14-7:1      Die APPÈL van die bediening (2) – Moenie vennootskappe met ongelowiges aangaan nie

7:2-4      Die APPÈL van die bediening (3) – Maak vir ons plek in julle harte

### **3.5 Ontleding: 4:1-15 – Die moed vir die bediening – 1e beredenering**

Paulus het teleurstelling en hartseer in sy bediening aan die Korintiërs beleef. Tog het hy moed om met hierdie bediening voort te gaan. In sy eerste beredenering van die redes waarom hy nog moed het om met die bediening voort te gaan, sit hy sy gedagtes soos volg uiteen:

4:1	Sy OPDRAG – kom uit genade van God
4:2-4	Sy STYL – is openlik en met 'n skoon gewete
4:5-6	Sy VERKONDIGING – is Jesus Christus as die Here
4:7-9	Sy KRAG – kom van God en nie van homself nie
4:10-11	Sy DOEL – om die lewe van Jesus sigbaar te maak
4:12-15	Sy UITSIG – nuwe lewe in Christus vir die Korintiërs

### 3.6 Ontleding: 4:7-9<sup>9</sup> – Paulus het moed want sy krag kom van God en nie van homself nie

#### 7a: Basiese stelling

7 ἔχομεν δὲ τὸν θησαυρὸν τοῦτον ἐν ὀστρακίνοις σκεύεσιν,  
Maar ons het hierdie skat in erdekruike,

#### 7b-c: Doel waarom die skat in erdekruike geplaas is

ἵνα ἡ ὑπερβολὴ τῆς δυνάμεως  
sodat die voortreflikheid van die krag  
ἢ τοῦ θεοῦ καὶ μὴ ἐξ ἡμῶν·  
van God mag wees en nie uit ons nie.

#### 8-9: Die omstandighede waaronder die skat in die erdekruik is (sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees)

8 ἐν παντὶ θλιβόμενοι ἀλλ' οὐ στενοχωρούμενοι,  
In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie;  
ἀπορούμενοι ἀλλ' οὐκ ἐξαπορούμενοι,  
ons is verleë, maar nie radeloos nie;  
9 διωκόμενοι ἀλλ' οὐκ ἐγκαταλείπομενοι,  
vervolg, maar nie verlate nie;  
καταβαλλόμενοι ἀλλ' οὐκ ἀπολλύμενοι  
neergewerp, maar nie vernietig nie.

#### Opmerkings:


- Alhoewel die meeste vertalings vers 8 met 'n nuwe sin begin, bestaan 2 Korintiërs 4:7-10 inderwaarheid uit een lang sin.<sup>10</sup>

9 Die teks van die 1933/1953-Afrikaanse Vertaling en die United Bible Societies se vierde uitgawe van die Griekse teks van die Nuwe Testament word in hierdie ontleding gebruik.

10 Fitzgerald (1988:174) sien hierdie sin as 'n *peristasis*-lys wat omarm word deur twee paradoksale metafore: *Die skat in die kleipot* en *Die rondra van die dood van Jesus in ons lewe*.

- Die opbou van 2 Korintiërs 4:7-9 word op verskillende maniere verstaan. Volgens Fitzgerald (1988:166, 174) vertoon vers 8-9 ’n klimaktiese opbou en maak dit saam met vers 7 deel uit van ’n chiasma (A-B-B-A). Die moontlikheid moet egter oorweeg word of die vier parallelle antiteses<sup>11</sup> in vers 8-9 nie ook selfstandig ’n chiasma vorm nie (A-B-B-A). Hiervolgens kan A op uitwendige swaarkry (*verdrukking, op die grond gooi*), en B op innerlike swaarkry (*verleentheid, vervolging*<sup>12</sup>) dui.
- Die vierledige gebruik van οὐ/οὐκ in 4:8-9, eerder as die gebruiklike μή, beklemtoon die sekerheid van die positiewe uitkoms.
- παντί (vers 8) en πάντοτε (vers 10) vorm ’n *inclusio* wat die swaarkry van evangeliedienaars aksentueer.

### 3.7 Gedagte-opbou op mikrovlak (4:7)<sup>13</sup>



#### Opmerkings:

- 2 Korintiërs 4:7 bestaan uit ’n hoofsin met ’n bywoordelike bysin van gevolg wat in primêre opvolging staan. In die bysin is “die oortreffendheid” (ἡ ὑπερβολή) die onderwerp.
- Die *ons* in 4:7 dui op Paulus en Timoteus as evangeliedienaars en sluit die lesers uit.
- Die δέ in v. 7 word deur die meeste verklaarders as teenstellend vertolk. Die partikel δέ kan egter ook naderverklaring of inten-

11 Volgens Weiss (1954:11) is antiteses die mees kenmerkende karaktertrek van Paulus se skryfstyl.

12 Die feit dat Paulus vervolging hier kontrasteer met “nie verlate wees nie”, bring die geestelike dimensie van swaarkry as gevolg van vervolging in fokus.

13 Die sintaktiese ontleding word gedoen volgens die metode van De Klerk en J. van Rensburg (2005).



sivering aandui<sup>14</sup> (Blass & Debrunner, 1961:232). Janse van Rensburg (1990:283-300) beredeneer dat δέ ook gevolg (*dus/derhalwe*) kan aandui.

- Alhoewel die konstruksie ἵνα plus praesens subjunktief ἦ letterlik “sodat mag wees” beteken, word dit dikwels met “sodat mag blyk/sodat sigbaar mag word” vertaal.<sup>15</sup> Die feit dat Paulus in v. 7 nie φανερωθῆ gebruik nie (terwyl hy dit in v. 10 en 11 wel doen), kan egter nie toevallig wees nie. Deur die gebruik van ἦ as koppelwerkwoord lê Paulus ’n meer direkte verband tussen evangeliedienaars se duursaamheid en God se werking. Die feit dat die voorsetsel ἐξ slegs by ἡμῶν en nie by τοῦ θεοῦ staan nie, beklemtoon ook hierdie direkte verband. Verder kan τοῦ θεοῦ in hierdie gedeelte nie as komplement verstaan word nie, omdat dit nie soos ὑπερβολή nominatief is nie.<sup>16</sup>
- δυνάμεως word meesal as God se “(oortreffende) krag” verstaan. Die sintaksis van 2 Korintiërs 4:7 lê egter nie noodwendig hierdie verband nie. Dit kan ook die *krag* of *vermoëns* van die kleipotte (Paulus en Timoteus) wees wat hier gekwalifiseer word.<sup>17</sup> Paulus gebruik juis dieselfde uitdrukking as hy aan die begin van sy brief (2 Kor. 1:8) stel dat die swaar wat hulle in Asië verduur het “ver bo ons kragte gegaan het” (ὑπερβολήν ὑπερ δύναμιν). In 2 Korintiërs 4:7 verklaar hy dan met die beeld van die kleipotte hoe dit moontlik was om sulke swaarkry te deurstaan.
- ὀστράκινος dui volgens Louw en Nida (1989:1:23) op ’n voorwerp van gebakte klei.<sup>18</sup>

14 Sodanige gebruik van δέ kom ook elders in die *Corpus Paulinum* voor, byvoorbeeld in Romeine 9:30 en 1 Korintiërs 2:6.

15 Fitzgerald (1988:172) wys daarop dat Johannes Chrysostomos reeds ἦ in 2 Korintiërs 4:7 met φανῆ weergee. Die NLT vertaal: “So everyone *can* see that our glorious power is from God and is not our own.”

16 Later in hierdie artikel (5.5) word aangetoon dat die hardheid en duursaamheid van kleipotte in die antieke Griekse leefwêreld aan direkte goddelike intervensie toegeskryf is.

17 Louw en Nida (1989:1:676) plaas δύναμις onder meer in subdomein 74 (*Able, Capable*) en defenieer dit as: “the ability to perform a particular activity or to undergo some experience” (74.1).

18 Ander woorde binne dieselfde semantiese veld wat Paulus kon gebruik het, is πηλός (*kleiagtige modder*) of κέραμος (*pottebakkersklei*) (Louw & Nida, 1989:1:23).

- Daar is oorvloedig voorbeelde in sowel Hellenistiese as Joodse literatuur wat na die liggaam as ’n blote σκεῦος (houer) vir die siel verwys.<sup>19</sup> Dit was ook ’n bekende standpunt van die Platonisme (Plato, *Phaedo* 79a-79d) en Neo-platonisme (Philo, *Mig.* 193). In die konteks van 2 Korintiërs 4:7-10 verwys Paulus egter na sowel liggaamlike as geestelike ontberings. Die woorde ὅσπρακίνοις σκεύεσιν verwys dus na die hele persoon van die evangeliedienaar (Fitzgerald, 1988:167-168; McCant, (1999:42).

### 3.8 Vertaling

In die lig van bogenoemde sintaktiese en grammatikale opmerkings, kan die volgende moontlike vertalings van 2 Korintiërs 4:7 oorweeg word:

- *Formeel-gelyk*: “Ons het dus hierdie skat in kleipotte, sodat die buitengewoonheid van die (ons) krag, van God is en nie uit onself nie.”
- *Dinamies-gelyk*: “Ons wat hierdie skat in ons het, is dus soos gebakte kleipotte; ons buitengewone duursaamheid kom van God, dit kom nie uit onself nie.”

### 3.9 Samevatting

#### 3.9.1 Gedagte-opbou op makrovlak

Paulus gebruik die beeld van kleipotte in ’n brief aan die gemeente van Korinte waarin sy gebrek aan geloofwaardigheid en bekwaamheid onder die Korintiërs ter sprake is. Hy verduidelik dat hy ten spyte van teëslae en teenstand nie verflou het (οὐκ ἔγκακοῦμεν, – 2 Kor. 4:1; 5:16) in sy ywer om met die bediening aan hulle voort te gaan nie. Hy is as evangeliedienaar vol moed (θαρροῦμεν – 5:8) en werk doelgerig (φιλοτιμούμεθα – 5:9). Hy betoog sy reg tot en bekwaamheid vir die bediening (3:1-6) en meen dat die Korintiërs eintlik rede het om op hom trots te wees (1:14). In hierdie gedagtelyn is dit onwaarskynlik dat Paulus die klem skielik op sy eie broosheid en breekbaarheid sal laat val.

#### 3.9.2 Gedagte-opbou op mikrovlak

Die voorbeelde (4:8-9) waarmee Paulus die betekenis van die beeld van kleipotte illustreer, fokus al vier op die merkwaardige en

---

19 Fitzgerald (1988:167:n 142) bied ’n oorsig oor hierdie literatuur.

onverwagte duursaamheid van evangeliedienaars. Veral die laaste voorbeeld (“op die grond neergegooi maar nie vernietig nie”) roep eerder die duursaamheid van kleipotte as hulle breekbaarheid na vore.

### 3.9.3 Grammaties

Ook grammaties kan ’n saak uitgemaak word dat die beeld van die kleipotte nie in die eerste plek die breekbaarheid van Paulus en Timoteus nie, maar wel die “voortreflikheid van die krag” (ἡ ὑπερβολὴ τῆς δυνάμεως) waarmee hulle as evangeliebedienaars optree, wil illustreer. Paulus en Timoteus het die “voortreflike krag” van kleipotte. God is die oorsprong van hierdie “kleipotte” se krag; dit kom nie uit hulleself nie, en dit manifesteer in hulle volharding (bo hulle vermoë) as evangeliedienaars (2 Kor. 1:8).

## 4. Die “ontvangs” van 2 Korintiërs 4:7 – enkele grepe

### 4.1 Inleiding

In onderstaande word enkele grepe uit die verstaangeskiedenis van 2 Korintiërs 4:7 gebied, om bepaalde tendense te illustreer.<sup>20</sup>

### 4.2 Klemens van Alexandrië (150-211 n.C.)

Klemens van Alexandrië (1982:33-35) haal dikwels (20 keer) uit die tweede Korintiërbrief aan. Hy verwys ook na 2 Korintiërs 4:7, naamlik in sy behandeling van die vraag: *Hoe ’n ryk persoon gered kan word*. Hy moedig ryk persone aan om gelowiges nie aan hulle swak voorkoms en uiterlike te oordeel nie (’n rookskerm om die dood en die duiwel te fnuik). Inderwaarheid is gelowiges kleipotte “wat versterk is deur die krag van God die Vader, die bloed van die Seun en die dou van die Heilige Gees”.<sup>21</sup> Klemens moedig ryk persone aan om sulke gelowiges in diens te neem, omdat hulle ’n effektiewe, getroue en kragtige weermag (sonder wapens) is. Gelowiges kan sinkende skepe vlot maak, siekte onderdruk, aanvalle deur rowers skadeloos stel en die geweld van demone verbreek (Klemens, 1982:35). Klemens sien die kleipotte van 2 Korintiërs 4:7 dus as ’n metafoor vir ’n versterkte houër.

20 Fitzgerald (1988:7-31) bied ’n breër oorsig oor die navorsingsliteratuur van die Korintiërbriewe.

21 Klemens (1982:33-35) sê: δυνάμει θεοῦ πατρὸς καὶ αἵματι θεοῦ παιδὸς - καὶ δρόσῳ πνεύματος ἁγίου περιτετιχισμένον.

### 4.3 Origenes (185-254 n.C.)

Origenes (*De Principiis*, 4.1.8), die groot geleerde van Alexandrië, gebruik 2 Korintiërs 4:7 in sy beredenering van die vraag waarom mense nie die Skrif oral volledig verstaan nie. Volgens Origenes lê die probleem in die feit dat die geïnspireerde Goddelikheid van die Skrif in eenvoudige en geringe mensetaal gegee is. In sy argument lê Origenes dus ’n verband tussen die eenvoudigheid van die kleipotte van 2 Korintiërs 4:7 en die beperkings van menslike taal en woorde waarin die Skrif tot ons kom. Dit is duidelik dat Origenes die Pauliniese beeld hier oorspan.

### 4.4 Johannes Chrysostomos (347-407 n.C.)

Chrysostomos, die bekende kerkvader en biskop van Konstantinopel, bespreek in ’n preek oor 2 Korintiërs 4:7 (Chrysostomos, *Hom.* 8.3) die beeld van die kleipotte. Chrysostomos meen dat die krag van God die duidelikste sigbaar is wanneer dit magtige dade in lae en onaansienlike dinge bewerk (Bray, 1999:232). Chrysostomos het dus ’n uitsig op die kleipotte van 2 Korintiërs 4:7 as nederige en onaansienlike voorwerpe wat die heerlijkheid en mag van God aksentueer.

### 4.5 Bachmann (1909)

Phillip Bachmann (1909:195) is, anders as Rudolf Bultmann (1970:114),<sup>22</sup> nie oortuig dat die hoofokus van Paulus se metaforiese gebruik van *kleipotte* in 2 Korintiërs 4:7 op die swakheid daarvan val nie. Die kontras met die heerlijkheid van die skat staan vir hom eerder op die voorgrond.<sup>23</sup> *Kleipotte* is dus volgens hierdie standpunt ’n metafoor vir gebrek aan waarde, heerlijkheid of skoonheid.

### 4.6 Spicq (1937)

Die Franse Nuwe-Testamentikus C. Spicq bevraagteken die gedagte dat kleipotte in die leefwêreld van die Nuwe Testament van weinig waarde was<sup>24</sup> en meen dat Paulus in 2 Korintiërs 4:7 eerder

---

22 Bultmann (1970:114) meen die “kleipotte” “bezeichnen den schwachen, vergänglichlichen Körper”.

23 Barrett (1968) volg Bachmann in hierdie standpunt.

24 Ook Collange (1972:146) meen dat Paulus die metafoor met positiewe betekenis gebruik, naamlik: ’n uitverkore voorwerp, bruikbaar in God se hande (vgl. Jes. 10:15; 54:16; Hand. 9:15).

'n beeld uit die Hellenistiese sportwêreld gebruik.<sup>25</sup> Die gebruik van stoeiers om hulleself ter voorbereiding van hulle deelname met olie te smeer en dan met sand of grond te besprinkel sodat hulle soos kleivoorwerpe lyk, word verbind aan Paulus se beeld van *kleipotte*. Paulus se gebruik van *kleipotte* kan dus die diensbaarheid en bruikbaarheid van evangeliedienaars beklemtoon.

#### 4.7 John Fitzgerald (1988)

In sy verhandeling, *Cracks in an earthen vessel*, (1984),<sup>26</sup> bestudeer Fitzgerald die gedeeltes waar Paulus sy eie swaarkry in die Korintiërbriewe beskrywe.<sup>27</sup> Hy argumenteer dat daar 'n verband bestaan<sup>28</sup> tussen Paulus se swaarkrylyste (*peristasis*-lyste) en die swaarkrylyste wat in die literatuur van die Griekse morele filosowe<sup>29</sup> voorkom. Hierdie lyste is deur skrywers gebruik om aansprake oor die karakter van die persoon wat die swaarkry ondergaan, te maak;<sup>30</sup> om gedragsvoorbeelde vir navolgers of studente<sup>31</sup> te stel; om die persoon wat swaarkry se intieme band met en roeping deur

---

25 Dit is bekend dat sowel die Ismiese spele as die vierjaarlikse Keiserlike sportbyeenkoms in Korinte gehou is en dat dit groot getalle toeskouers vanoor die hele Hellenistiese wêreld getrek het (Savage, 1996:44).

26 Later (1988) heruitgegee deur die Society of Biblical Literature in hulle *Dissertation Series*.

27 Die Korintiërbriewe bevat op vyf plekke lyste van Paulus se ontberings en swaarkry, naamlik 1 Korintiërs 4:9-13; 2 Korintiërs 4:8-9; 6:3-10; 11:23-29 en 12:10. Fitzgerald (1988:33-46) bied 'n uitvoerige bespreking van die gebruik van die woord *peristasis* in die antieke wêreld.

28 Savage (1996:170) wys daarop dat hierdie verband tussen die antieke swaarkrylyste en Paulus s'n reeds voor Fitzgerald deur teoloë soos Bultmann, Windisch en Kümmel beredeneer is.

29 Dit geld veral van die Stoïsyne, vir wie *peristasis* 'n tegniese term was. Opmerklik is die ooreenkomste tussen 2 Korintiërs 4:8-9 en Plutarchos (*Moralia* 1057E) se gebruik van 'n soortgelyke viervoudige antitetiese parallelisme om die duursaamheid van 'n wyse man te beskrywe, wat "wanneer ingeperk, nie gestuit word nie, wanneer onder voorskrifte nie onder verpligting is nie, wanneer op die pynbank, nie gemartel word nie en wanneer vermink, nie beseer word nie".

30 Swaarkry is destyds as die beste toets vir karakter beskou en is gebruik om mense van goeie karakter (die ware filosowe) te onderskei van bloot "gelukkige" mense en mense wat voorgee dat hulle bepaalde deugde of karakter het (Fitzgerald, 1988:203-204).

31 In 1 Korintiërs 4 stel Paulus sy eie swaarkry as voorbeeld en moedig hy die Korintiërs aan: "Volg my voorbeeld!" (1 Kor. 4:16).

die gode te bewys; en om die persoon wat swaarkry se mag en onoorwinlikheid te demonstreer.<sup>32</sup>

Fitzgerald beskou Paulus se gebruik van *peristasis*-lyste as deel van ’n retoriese strategie om sy verhouding met die gemeente van Korinte te herstel.<sup>33</sup> Hy gebruik hierdie lyste as subtile self-aanbeveling om vir die Korintiërs te bewys dat hy onder moeilike omstandighede en druk volhard het en dus ’n persoon van integriteit is (2 Kor. 10:18) – iemand wat vertrou kan word en waarop die gemeente kan trots wees (2 Kor. 1:12-14; 5:12).

Vanuit hierdie perspektief beskou, is 2 Korintiërs 7:4 vir Fitzgerald (1988:171) die eerste van twee paradoksale uitsprake (“skat in erdekruike” [4:7] en “die sterwe en lewe van Jesus saamdra in die liggaam” [4:9b-10a]) wat die eerste *peristasis*-lys van 2 Korintiërs (2 Kor. 4:8-9) omarm. Die doel van hierdie paradoksale uitsprake is om te bewys dat die krag van sy bediening van God afkomstig is. Vir Fitzgerald (1988:168) beklemtoon *kleipotte* in 2 Korintiërs 4:7 dus op ’n paradoksale wyse die swakheid en breekbaarheid van Paulus en Timoteus as evangeliedienaars.

Alhoewel daar onmiskenbaar ooreenkoms bestaan tussen Paulus en die Stoïsynse filosowe se gebruik van *peristasis*-lyste, kom sulke lyste ook in die Joodse apokaliptiek, die geskrifte van Josefus, die tekste van Nag Hammadi en in die Mishna voor (Schrage, 1974: 143-146; Hodgson, 1983:59-80). In hierdie dokumente word die *peristasis*-lyste dikwels gebruik om die nederigheid van ’n bepaalde persoon te illustreer. Veral in die Joodse leefwêreld was daar die oortuiging dat goddelike krag die duidelikste in nederige persone se lewe manifesteer (Savage, 1996:167).

Sowel in die konteks van die Stoïsynse filosofie as die Joodse denke van die eerste eeu, staan ’n bepaalde persoon se swaarkry egter nie noodwendig paradoksaal teenoor g/Goddelike werking of krag nie. Dikwels dien die persoon se volharding onder swaarkry juis

---

32 Anders as die Griekse morele filosowe, skryf Paulus egter die krag waardeur hy telkens onder swaarkry staande bly, aan God toe en nie aan homself nie (Rom. 8:37; 2 Kor. 4:7; Fil. 4:11-12).

33 Dit bly ’n vraag in hoe ’n mate die lidmate van Korinte, wat “volgens die opvatting van mense” nie uit baie geleerdes, invloedrykes of mense van aansien bestaan het nie (1 Kor. 1:26), met die retoriese strategie van die Stoïsyne vertrou was en of Paulus se strategie in hierdie konteks effektief sou wees of nie.

as illustrasie/bewys van g/Goddelike werking of krag. In hierdie konteks moet dus oorweeg word of die metafoor van kleipotte in 2 Korintiërs 4:7 nie eerder komplementêrend bedoel word nie. Paulus gebruik dan die beeld van kleipotte (wat deur goddelike vuur hard gebak en deur goddelike krag in stand gehou word) om aan die Korintiërs te verklaar hoe hy in groot ontberings staande gebly het.<sup>34</sup>

#### 4.8 Duff (1991)

Duff (1991:158-165) ondersoek die moontlikheid dat Paulus in 2 Korintiërs 4:7-11 aansluit by die destyds bekende beeld van heidense godsdienstige prosesies. Hy lewer bewys dat sulke prosesies ook in Korinte bekend was. Heidense godsdienste het sulke prosesies gebruik om hulle gode en godsdiens se profiel in die samelewing te verhoog en nuwe bekeerlinge te werf.

Terwyl Paulus by die Korintiërs onder verdenking is (Duff, 1991: 158), begin hy sy poging om geloofwaardigheid te herwin, deur na die voortgang van die evangeliebediening te verwys as 'n *triomftog* waarin hy saamgevoer word omdat hy "een is met Christus" (2 Kor. 2:14).<sup>35</sup> In hierdie optog word Paulus en sy medewerkers as wierook verbrand (2 Kor. 2:15). Soos deelnemers aan 'n godsdienstige prosesie dikwels tot die toeskouers geroep het om die pad oop te maak, loop Paulus se apologie uit op 'n pleidooi aan die Korintiërs om hulle harte vir hom oop te maak (2 Kor. 6:11; 7:2).<sup>36</sup>

In sulke prosesies is, saam met die beelde van die afgode (bv. Demeter, Isis, Dionisos), ook heilige voorwerpe en skatte van die betrokke godsdiens rondgedra (Duff, 1991;160-161). In die

---

34 Ook die beeld aan die einde van die *peristasis*-lys (2 Kor. 4:10), die lewe en sterwe van Jesus, verteenwoordig nie in die strengste sin van die woord 'n paradoks nie. Al word Paulus en Timoteus aan die dood "oorgelewer" (2 Kor. 4:11) soos Jesus "oorgelewer" is (Matt. 17:22; 20:18; 26:2; 27:2, 18, 26) komplementêr en fasiliteer hierdie "oorlewering" juis die sigbaar word van die lewe van Jesus.

35 Die tipering van swaarkry as *triomftog* het parallels in die Hellenistiese literatuur (Epictetus, *Disc.* 3.24.85).

36 Duff (1999:159) wys op verskillende parallels in destydse literatuur wat die gebruik van reukwerk (vgl. 2 Kor. 2:15) en uitroepe om die pad oop te maak (vgl. 2 Kor. 6:11; 7:2) tydens heidense godsdienstige prosesies bevestig.

Dionisos-kultus<sup>37</sup> is onder meer olie as heilige item in kruike rondgedra. Die olie was egter doelbewus in onversierde kruike vervoer, sodat die toeskouers se aandag nie op die kruike nie maar op die inhoud van die kruike gefokus kon wees (Duff, 1991:161). Vir Duff fokus Paulus in sy metaforiese gebruik van *kleipotte* dus op die feit dat hulle onaansienlike houers is.

Die vraag is egter of Paulus ’n militêre prosessie of ’n godsdienstige prosessie in gedagte het wanneer hy verklaar dat God hom altyd in sy triomftog saamvoer (2 Kor. 2:14).<sup>38</sup> Dit wil voorkom of hy eerder ’n militêre prosessie as ’n godsdienstige prosessie in gedagte het.<sup>39</sup> Uit die navorsing van Versnel (1970) is dit egter duidelik dat nie net krygsgevangenes op die triomftogte meegevoer is nie, maar ook buit – dikwels in kleipotte of kruike!

#### **4.9 Samevatting**

In die verstaangeskiedenis van 2 Korintiërs 4:7 is daar verskillende verklarings vir Paulus se gebruik van die beeld van kleipotte. Sommige navorsers waardeer kleipotte positief en ander waardeer hulle negatief. Die oorsprong van die verskillende verklarings lê waarskynlik in ’n verskil van mening oor die punt van verwysing van die beeld wat Paulus gebruik. Vir die meeste verklaarders is die breekbaarheid, die onaansienlikheid, die swakheid en die goedkoopheid van kleipotte die verwysing. Daar is egter ook enkele verklaarders wat die duursaamheid en die bruikbaarheid van gebakte kleipotte as verwysing sien. Alhoewel Savage (1996:165) gelyk gegee moet word dat dit nie altyd noodsaaklik is om tussen die verskillende betekenismoontlikhede van ’n bepaalde beeld te kies nie, en dit nie onmoontlik is dat Paulus die metafoer van die kleipot met dubbelsinnige verwysing gebruik het nie, kan sosio-historiese

---

37 Die voorkoms van die Dionusos-kultus in Korinte word deur Kroeger (1987:25-38) bespreek. Sy is van mening dat dele van die Korintiërbriewe as Paulus se korrektiewe op heidense gedrag wat nog in die Christengemeentes voorgekom het, beskou moet word. Hierdie gedrag kan in verskillende gevalle teruggevoer word na die gebruike en rituele van die Dionisos-kultus.

38 Duff self (1991) erken hierdie probleem en neem die standpunt in dat Paulus in 2 Korintiërs 2:14 na ’n militêre triomftog verwys, terwyl hy later die beeld aanpas om na ’n godsdienstige prosessie te verwys.

39 In Paulus se uitspraak dat hy in hierdie triomftog “saamgevoer” word, gebruik hy woordeskat wat verbind word aan en ook gebruik word in verband met die lot van krygsgevangenes (Fitzgerald, 1988:161).



navorsing moontlik die uitsig wat die skrywer en eerste lesers op kleipotte gehad het, duideliker na vore bring.

## 5. Sosio-historiese ontleding

### 5.1 Inleiding

Hierbo (3.7) is aangetoon dat die beeld van kleipotte in 2 Korintiërs 4:7 aan “voortreflike krag” verbind word. Vir die hedendaagse leser, wat in ’n wêreld van yster, plastiek en beton lewe, is sodanige verbinding nie vanselfsprekend nie. Kleipotte het vandag dikwels net ornamentele waarde en word, in vergelyking met metaal- en plastiekvoorwerpe, as *minderwaardig*, *onfunksioneel* en *breekbaar* beskou. Die gevaar bestaan egter dat ’n ongekontroleerde hedendaagse perspektief op kleipotte ’n bepalende rol in die verstaan van 2 Korintiërs 4:7 sal speel. Of Paulus en die eerste-eeuse Korintiërs hierdie hedendaagse perspektief gedeel het, is ’n vraag waarop sosio-historiese navorsing lig kan werp.

### 5.2 Kleipotte in Bybelse tye

Die leksikon van Louw en Nida (1989:1:53) meld onder semantiese domein 6 (*Artifacts*) 23 sub-domeine en 225 woorde wat in die wêreld van die Nuwe Testament gebruik is om verskillende gebruiksartikels te beskryf. Hiervan is die woord  $\sigma\kappa\epsilon\upsilon\omicron\varsigma$  (wat ook in 2 Kor. 4:7 gebruik word) die mees algemene. Klei was destyds ’n baie algemene grondstof (Louw & Nida, 1989:1:19). Die gevolglike afleiding dat gebruiksartikels (veral van klei) baie algemeen in die leefwêreld van die Bybel voorgekom het, word deur literêre en argeologiese getuienis bevestig (Van der Watt, 2003:73).

Kombuisware en eetgerei van klei was in die tyd van die Ou Testament bekend (Lev. 11:33; 15:12; 2 Sam. 17:28; Eseg. 4:9), terwyl gebruiksartikels van klei ook ’n kultiese gebruik gehad het (Lev. 14:5,50; Num. 5:17). Die Ou-Testamentiese reinheidsvoorskrifte het vereis dat gebruiksartikels van klei as deel van die reinigingsproses stukkend gebreek moes word, omdat dit nie soos artikels van metaal “geskuur” en skoongewas kon word nie (Lev. 6:28).<sup>40</sup>

---

40 Hierdie begryplike voorskrif kan egter nie veralgemeen word om, soos Fitzgerald (1988:167), daaruit af te lei dat kleipotte oral as *goedkoop* en *ontbeerlik* beskou is nie.

Op verskillende plekke in die Ou en Nuwe Testament word kleipotte of -artikels metafories vir mense gebruik (bv. Job. 10:9; Spr. 26:23; Jes. 29:16; 45:9; 64:8; Jer. 18:1-6; 22:28; Klaagl. 4:2; Dan. 2:42-43; Rom. 9:21; 2 Tim. 2:20<sup>41</sup>). In sommige Skrifgedeeltes staan die breekbaarheid van kleipotte op die voorgrond en word die verwoesting daarvan as metafoor vir God se oordeel oor mense gebruik (Ps. 2:9; Jes. 30:14; Jer. 19:11; Klaagl. 4:2; Op. 2:27).

Die beeld van ’n pot as neerhalende metafoor was ook in die Grieks-Romeinse en Joodse leefwêreld van die eerste eeu bekend. Welbekend is die uitspraak van die dogter van keiser Hadrianus wat oor Rabbi Josua Ben Gananja gesê het: “heerlike wysheid in ’n aaklige houer” (Bultmann, 1970:114; Thrall, 2004:322).

Tog word die nuttigheid en bruikbaarheid van kleipotte ook algemeen erken. In Jeremia 32:14 kry Baruk opdrag om dokumente in ’n kleipot te plaas “sodat hulle lank kan hou”. Groot hoeveelhede kleipotte (*amphorae*) is in die alledaagse lewe gebruik om kosbare produkte soos wyn, olie en graan oor lang afstande te vervoer. Navorsing oor hierdie *transport amphorae* dui op hulle wye gebruik, nuttigheid (18-70 liter) en duursaamheid (sommiges is selfs na duisende jare onder die seewater nog heel) (Koehler, 1978). Ook die gebruik van kleipotte om kosbare skatte te bêre en te vervoer, was in die leefwêreld van die Ou en Nuwe Testament goed bekend.<sup>42</sup>

In 2 Korintiërs 4:7 word *kleipotte* egter metafories gebruik. Dit is ook belangrik om die volle reikwydte van die metafoor, naamlik “’n skat”<sup>43</sup>

---

41 In 2 Timoteus 2:20 word gebruiksartikels van klei gekontrasteer met meer eerbare gebruiksartikels van silwer en goud. Die fokus van hierdie gedeelte lê duidelik op die reiniging (van sondes) deur gelowiges, sodat hulle vir God bruikbaar kan wees. Die breekbaarheid van gebruiksartikels van klei is egter nie direk in fokus nie.

42 Plutarchos (*Aemil.* 32) beskryf hoe groot hoeveelhede silwermuntstukke in die triomftog van Aemilius Paulus in 167 v.C. in houers (vermoedelik kleipotte) gedra is. Dit is ook welbekend dat die kosbare boekrolle van Qumran in kleipotte gebêre was en vir eeue behoue gebly het. Herodotos (*Hist.* 3.96) beskryf hoe ook koning Darius van die Perse sy silwer in kleipotte gebêre het.

43 Daar bestaan nie eenstemmigheid oor die verwysing van “hierdie skat” (4:7) nie. Die verskillende moontlikhede is: die skat is die bediening (4:1); die skat is die Woord van God (4:2); die skat is die waarheid (4:2); die skat is die heerlijkheid van God wat van Jesus Christus uitstraal (4:6); die skat is die evangelie van die heerlijkheid van Christus (4:3-4); die skat is kennis (4:6); of die skat is die dood en die opstanding van Christus (4:10-11). Die skat kan ook verstaan word as al hierdie dinge saam.

in kleipotte” in die verstaan van 2 Korintiërs 4:7 in berekening te bring. Die kleipotte kan in hierdie metafoor nie los van die skat en hulle bruikbaarheid om die skat te bêre of te vervoer, verstaan word nie. Die bruikbaarheid en duursaamheid van kleipotte, eerder as hulle breekbaarheid, staan dus in die verstaan van die metafoor in 2 Korintiërs 4:7 op die voorgrond.

Vervolgens word die geskiedenis van Korinte en die Korintiërs se uitsig op kleipotte en pottebakkerie ondersoek in ’n poging om die verstaanshorison waarbinne die eerste lesers van die tweede Korintiërbrief Paulus se metafoor van “’n skat in kleipotte” ontvang het, te konstrueer.

### 5.3 Die geskiedenis van Korinte en sy mense

Die geskiedenis van Griekeland en Korinte is uitvoerig nagevors en gedokumenteer.<sup>44</sup> Opgrawings bewys die teenwoordigheid van ’n nedersetting in Korinte van vóór 2000 v.C. Onder Doriese bewind (ongeveer 1000 v.C.) het Korinte tot ’n stad gegroei. Met twee nabygeleë hawens, Kenchreë aan die Egeïese See en Legaium aan die Ioniese See, en geleë op die belangrike handelsroete tussen die Ooste en die Weste, het Korinte as stad gedy en teen 650 v.C. is dit as die ekonomiese sentrum van Griekeland beskou.

Met die opkoms van Atene as kompeterende ekonomiese en militêre mag, het Korinte hom tydens die Peloponnesiese oorlog (431-404 v.C.) aan die kant van Sparta geskaar. Na die val van Atene het die Korintiërs egter ’n bondgenootskap met die Ateners gesluit en tydens die Korintiese oorlog (395-386 v.C.) saam met die Ateners teen Sparta geveg. In 338 v.C. is Korinte deur die Masedoniërs onder leiding van Phillipus II beset. In 224 v.C. het Korinte deel geword van die Egeïese Bondgenootskap wat deur die Romeinse Ryk geabsorbeer is.

Die Korintiërs was egter nie almal gediend met die Romeinse bewind nie. Direk as gevolg van hulle minagting van die Romeine, is Korinte in 146 v.C. deur Lusius Mummius verwoes. Tydens die bewind van Julius Ceasar is die stad egter in 44 v.C. weer opgebou en met hoofsaaklik vrygemaakte slawe en oudsoldate bevolk. Die sosio-historiese konteks van die tweede Korintiërbrief (55 n.C.) is

---

44 Naas die standaardwerk van Bury en Meiggs (1975), beskryf ook byvoorbeeld Brown (1994), Savage (1996:19-53) en Rhodes (2006) die geskiedenis van Griekeland en Korinte uitvoerig.

dus nie die ou Korinte wat in 146 v.C. verwoes is nie, maar wel die “nuwe” Korinte wat sedert 44 v.C. weer opgebou is. Savage (1996:35-53) se deeglike en goed-gedokumenteerde studie vanuit primêre bronne<sup>45</sup> skets die volgende beeld van hierdie “nuwe” Korinte:

Die eerste-eeuse Korinte het grootliks verskil van ander Mediterreense stede van daardie tyd. Min van die geboue was ouer as 100 jaar. Daar was min tradisies, nie ’n gevestigde aristokrasie, en ’n oop samelewing nie. Die bevolking van vrygelate slawe en oudsoldate was ambisieus en gretig om aansien, geld, besittings en mag te verkry. Onder hulle invloed het Korinte ekonomies vinnig gegroei. Mettertyd het ryk handelaars, bankiers, kunstenaars en belastinggaarders hulle in Korinte gevestig. Merkwaardige bouwerk is van 14-44 n.C. in Korinte onderneem. Opgrawings bewys die bestaan van ’n Stoa van 150 meter (een van die langste geboue in Griekeland), talryke tempels (Korinte het sy eie akropolis gehad), drie teaters en talle winkels. Baie van die huise was ruim en pragtig versier en die stad was vol badplekke, fonteine en monumente.

Die Ismiese spele en die vierjaarlikse Keiserlike spele het groot getalle besoekers na Korinte gelok. Verder was daar ook die groeiende vermaaklikheidsbedryf en die berugte ongebonde Korintiese (sede-lose) leefstyl. Keiser Nero het baie van die stad gehou en het in 67 n.C. daar oorwinter. Die stad het mettertyd opnuut tot die hoofstad van die Romeinse provinsie, Achaje, ontwikkel. Volgens Strabo (Geo. 8.6.23) was Korinte altyd ’n welvarende stad, bekend om sy staatsmanne en kunstenaars.<sup>46</sup>

Korinte in die tyd van Paulus was dus in alle opsigte ’n *boom town*: ’n ontluikende en nuwe stad met ’n kosmopolitiese samestelling. Onder die invloed van reisigers en handelaars het ’n groot verskeidenheid godsdienste, waaronder misteriegodsdienste, hulle in die stad gevestig.

Die Christelike gemeente in Korinte het ontstaan na ’n konflik met die Joodse sinagoge (Hand. 18:6). Alhoewel sowel Jode as heidene

---

45 Dit sluit letterkundige bronne, inskripsies en argeologiese getuienis in.

46 Korinte het ’n prominente stad gebly tot dit in 395 n.C. deur die Gotiese magte ingeneem is en in 521 n.C. deur ’n aardbewing verwoes is. Sedertdien is die stad deur onderskeidelik die Turke (1458), die Venesiërs (1687), die Turke (1715) en die Grieke (1822) verower. In 1858 is Korinte weer deur ’n aardbewing verwoes.

wat voorheen tot die Joodse geloof oorgegaan het, tot geloof gekom het (Hand. 18:7-8), was die kern van die gemeente mense wat uit die heidendom bekeer is. Die lidmate van die gemeente van Korinte was voor hulle bekering aktief by heidense godsdienste betrokke en is “blindelings na die stom afgode meegevoer” (1 Kor. 12:2). Hulle het aan praktyke soos homoseksualiteit, onsedelikheid, egbreuk, diefstal, dronkenskap en kwaadpraterij deelgeneem (1 Kor. 6:9-10). Veral mense uit die onderste lae van die bevolking het Christene geword. Paulus sê: “Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie.” (1 Kor. 1:26.) God self sê egter vir Paulus dat baie mense in Korinte aan Hom behoort (Hand. 18:10).

#### 5.4 Die spesifieke geskiedenis van Korintiese kleipotte

Die besondere invloed van die ontwikkeling van pottebakkerskuns in die ontwikkeling van die Griekse leefwêreld kan nie onderskat word nie. Die ontwikkeling van pottebakkerskuns was nodig vir die beoefening van metallurgie en die smee van brons voorwerpe (Kerenyi, 1978). Die antieke Grieke het sedert 5500 v.C. pottebakkerij beoefen om alledaagse gebruiksartikels te vervaardig (Van der Watt, 2003:73). Hulle was uitnemende pottebakkers. Die gebruiksartikels wat hulle vervaardig het, was bekere, wyn- of waterhouers, mengbakke, kanne, urne, salfkruie, olielampe, miniatuurhouers wat vir offerandes by die tempels gebruik is en groot *transport amphorae* (18-70 liter) vir die vervoer van produkte.<sup>47</sup> By wyse van uitsondering is pottebakkerswerk as ornamente vervaardig.<sup>48</sup>

Griekse pottebakkerswerk word stilisties in vyf hoofperiodes verdeel (Brown, 1994:46):

- tot 900 v.C. – Protogeometriese periode
- vanaf 900 v.C. – Geometriese periode
- vanaf 750 v.C. – Laat-Geometriese of Argaïese periode<sup>49</sup>

47 So baie van die *transport amphorae* wat ontdek is, is van Korintiese afkoms dat die tegniese term *Corinthian transport amphoras* daaraan toegeken is (Koehler, 1978).

48 Ornamentele wynhouers is vervaardig as pryse vir die weners van die Pan-Ateense spele (Brown, 1994:77).

49 Gedurende die Protogeometriese, Geometriese en Laat-Geometriese periode is potte hoofsaaklik in die natuurlike kleur van die klei wat gebruik is, geproduseer.

- vanaf 700 v.C. – Swartfiguurperiode
- vanaf 530 v.C. – Rooifiguurperiode<sup>50</sup>
- Vanaf laat 4de eeu v.C. – Hellenistiese periode<sup>51</sup>

Van meet af aan was Korinte vir sy kleipotte bekend. In die omgewing van Korinte was daar klei van besondere gehalte waarmee duursame en baie sterk potte geproduseer is. Witbread (1986:339-343) beskryf die Korintiese kleipotte as “very hard, sometimes almost vitreous”. Die potte was ook so goed gebak dat hulle vir die vervoer van olie en wyn gebruik kon word, sonder dat hulle sou lek. Aanvanklik (gedurende die Geometriese periode) was Korinte net bekend vir sy *transport amphorae*, wat wydverspreid deur die Mediterreense gebied gebruik is. Gedurende die Swartfiguurperiode (700-530 v.C.) het die Korintiese pottebakkers in gedekoreerde kleipotte en ander artikels begin spesialiseer en is baie hoë standaarde gestel (Beazley, 1956). Hierdie duursame en kunstig-gedekoreerde keramiekware was baie gesog.

Teen die einde van die Swartfiguurperiode het Atene, wat pottebakkerie betref, egter die leiersrol by Korinte begin oorgeneem. Vanaf die verwoesting van Korinte deur die Romeine in 146 v.C. tot die heropbou van die stad deur Julius Ceasar in 44 v.C. het Korinte nie as pottebakkersentrum gefigureer nie. Die oorspronklike inwoners het die stad verlaat en die stad is van nuuts af bevolk.

---

Gedurende hierdie periode is die potte met abstrakte ontwerpe en eweredige patrone versier. Gedurende die Laat-Geometriese periode is meer geronde en realistiese ontwerpe, soos byvoorbeeld afbeeldings van palmbome, lotusse en leeus as versiering gebruik.

- 50 Gedurende die Swartfiguur- en Rooifiguurperiode het gevorderde pottebakkers- tegnieke die Grieke in staat gestel om hulle pottebakkerswerk met swart, rooi, wit en geel kleure te versier. Die beskildering was meer gedetailleerd en realisties as in die vorige periode. Menslike, dierlike en mitologiese figure, jag- of gevegstonele en erotiese temas is uitgebeeld. Die Swartfiguurperiode het sy naam te danke aan ’n tegniek waardeur die pottebakker figure as swart silhoeëtte op die natuurlike kleuragtergrond van die klei ingebak het. Die silhoeëtte is dan na die bakproses met skerp instrumente en kleure verder gedetailleer. Tydens die Rooifiguurperiode is hierdie proses omgekeer, en het die pottebakker die agtergrond swart gebak, terwyl die silhoeëtte van die figure in die natuurlike (verkieëlik rooi) kleur van die klei gelaat is.
- 51 Minder pottebakkerskuns is in hierdie tyd in die Griekse hoofsentra beoefen. Rooifiguurpottebakkerie is gaandeweg vervang met vernameklik swart-geglasuurde potte wat met wit verf en kerfwerk versier is. In die Griekse kolonies en in die suide van Italië is Rooifiguurpottebakkerie egter steeds beoefen.

Op 'n baie besondere manier kom die kleipotte van Korinte egter met die heropbou van die stad weer prominent na vore. Strabo (Geo. 8.6.23) meld dat toe die nuwe intrekkers die puin begin opruim, hulle verstom was oor die gehalte van die Korintiese pottebakkerswerk wat hulle ontdek het. Spoedig het hulle ook die grafte vir kleipotte begin oopbreek en Rome letterlik “gevol” met Korintiese pottebakkerswerk. Die inwoners van Rome was bereid om baie hoë pryse vir Korintiese kleipotte te betaal.

Die Korintiërs kon in hierdie konteks die verwysing van Paulus se kleipotte-beeld op een van drie maniere verstaan het:

- as alledaagse huishoudelike gebruiksartikels soos bakke, komme en skale;
- as *transport amphorae* wat in die openbare sektor gebruik is om vrag (olie, wyn, graan) oor lang afstande te vervoer; of
- as pragtige, goedversierde en duursame antiekwarese ornamente.

Die tweede moontlikheid moet in die lig van die getuienis die swaarste weeg. Paulus se aanduiding aan die begin van die gedagte-eenheid (2 Kor. 2:14-4:7) dat hy meegevoer word in 'n triomftog, plaas die metafoor van “'n skat in kleipotte” in die openbare sektor waar *transport amphorae* gebruik is om vrag oor lang afstande te vervoer. Alhoewel hierdie *amphorae* nie onbreekbaar was nie, was hulle bekend vir hulle duursaamheid.

## 5.5 Die “voortreflike krag” van kleipotte in religieuse perspektief

Die antieke Grieke het die verandering van sagte klei deur vuur tot hardgebakte en duursame kleipotte as 'n wonderwerk van die gode beskou. In die Griekse mitologie is hierdie wonderwerk verbind aan Prometheus wat die geheim van vuur by die gode gesteel het en aan mense beskikbaar gestel het (Sissa & Detienne, 2000:175). Prometheus is beskou as die vader van die kunste en vaardighede en is saam met die godin Atene as beskermer van die Grieke en die pottebakkerskuns beskou (Van Rensburg, 1960:59-61).

Sedertdien is die gode se werking in die pottebakkersvuur steeds deur die antieke Grieke erken. Die pottebakkersoond was 'n geesteswêreld waarin vyf vyandige geeste (*daimones keramii*), naamlik Suntribus (Vergruiser), Smaragus (Verbreker), Asbestus (Verbrander), Sabaktus (Verwoester) en Omodamus (Rofgebak) gereed ge-

staan het om die pottebakker se werk te verydel. In die bekende pottebakkerslied van Homeros (*Hom. 14.1-23*) word die godin Atene gevra om haar hand oor die pottebakkersoond te hou sodat die potte en borde goed gebak sal wees en goeie pryse op die mark behaal kan word.

Vir die Grieke in die leefwêreld van die eerste eeu sou dit dus nie vreemd gewees het om die buitengewone krag van kleipotte aan God/die gode se intervensie toe te skryf nie.<sup>52</sup> Wanneer Paulus in sy selfkarakterisering as *kleipot* na sy eie buitengewone duursaamheid en volharding (as gevolg van God se genadige bemoeienis met hom) verwys, sou die Korintiërs hierdie beeld goed verstaan het. Terwyl Paulus in 2 Korintiërs 3:8-10 na die groot heerlijkheid van sy bediening (τῆς ὑπερβαλλούσης δόξης) verwys, gebruik hy in 2 Korintiërs 4:7 die beeld van kleipotte om die groot krag (ἡ ὑπερβολὴ τῆς δυνάμεως) van sy bediening te verduidelik.

## 5.6 Samevatting

Bewysmateriaal en beredenering ten gunste van ’n bepaalde uitsig op kleipotte (in besonder op die unieke Korintiese kleipotte) is hierbo gelewer. Dit blyk dat aannames dat die Korintiërs kleipotte sonder meer as goedkoop (McCant, 1999:42), breekbaar (Du Rand, 2003:740) en minderwaardig (Fitzgerald, 1988:167) beskou het, nie strook met die getuienis wat oor die sosio-historiese konteks van Korintiese kleipotte beskikbaar is nie. Alhoewel die Korintiërs sekerlik vertrouwd was met die breekbaarheid van kleipotte, moet in die lig van die getuienis geoordeel word dat breekbaarheid en minderwaardigheid nie in die konteks van die metafoor wat Paulus gebruik, op die voorgrond staan nie.<sup>53</sup> Bewys is gelewer dat spesifiek die Korintiërs kleipotte as kosbare, duursame, of as besonder bruikbare gehalteprodukte beskou het.

Dit bly natuurlik die vraag of Paulus van hierdie spesifieke uitsig bewus was, en of hy inderdaad hierdie uitsig in 2 Korintiërs 4:7 vooronderstel. Wanneer Paulus 2 Korintiërs skryf, is hy immers in Masedonië (Coetzee, 1983:44; Du Rand, 1993:1784) en nie in Korinte nie.

---

52 Vergelyk kolparagraaf 4 by Punt 3.7.

53 In verskillende ander Skrifgedeeltes bely en roem Paulus selfs in sy swakheid (bv. 2 Kor. 12:1-10; 13:4), maar in 2 Korintiërs 4:7 is dit eerder sy duursaamheid en bruikbaarheid as evangeliedienaar wat in fokus staan.



Paulus se intense meelewing met die gemeente van Korinte oor 'n lang tyd,<sup>54</sup> sy persoonlike verblyf van ongeveer agtien maande in die stad (Hand. 18:11), asook die ander getuienis wat in hierdie artikel bespreek is, moet egter die gewig laat swaai ten gunste van 'n standpunt dat Paulus wel bewus was van die spesifieke uitsig op Korintiese kleipotte, en dat hy kennis van hierdie uitsig in sy uitspraak ὀστρακίνοις σκεύεσιν by die eerste lesers van die brief vooronderstel. Die ontvangers van die tweede Korintiërbrief het by die aanhoor van Paulus se metafoor “skat in kleipotte” waarskynlik aan hardgebakte, duursame *transport amphorae* gedink.

## 6. Slot

Die “skat in kleipotte”-metafoor wat Paulus in 2 Korintiërs 4:7 gebruik, moet in die lig van die bewysmateriaal as komplementêrend tot die “allesoortreffende krag van God” gereken word. 'n Positiewe uitsig op kleipotte (én evangeliedienaars) as (deur goddelike werking) merkwaardig duursaam en bruikbaar, word ondersteun vanuit die gedagte-opbou, sintaktiese en grammatiese getuienis, sowel as die sosio-historiese konteks waarin hierdie metafoor gebruik word.

In die verkondiging van die boodskap van 2 Korintiërs 4:7 behoort mense in diens van God bemoedig te word met die gedagte dat hulle deur die wonderbare krag van God wat in hulle werk, in staat is om omstandighede te verduur wat ver bo hulle natuurlike vermoë strek.

## Geraadpleegde bronne

- BACHMANN, P. 1909. Der zweite Brief des Paulus an die Korinther: Zahn's Kommentar zum Neuen Testament. Band. 8. Leipzig: Deichert.
- BARRETT, C.K.A. 1968. A commentary on The second epistle to the Corinthians: New York: Harper & Row. (Harper's New Testament commentaries.)
- BEAZLEY, J. 1956. Attic black-figure vase painters. Oxford: Oxford University Press.
- BLASS, F. & DEBRUNNER, A. 1961. A Greek grammar of the New Testament and other early Christian literature. Chicago: University of Chicago Press.
- BRAY, G., ed. 1999. Ancient Christian commentary on Scripture: New Testament. Vol. 2: 1-2 Corinthians. Downers Grove: InterVarsity.

---

54 Volgens Coetzee (1983:43-44) strek Paulus se bemoeienis met die gemeente van Korinte van die stigting van die gemeente in 50 n.C. tot sy laaste besoek aan hulle in 56/57 n.C. (Hand. 20:1-2) – 'n periode van sewe jaar.

- BROWN, D.M., ed. 1994. Lost civilizations. Greece: temples, tombs, & treasures. Alexandria: Time-Life Books.
- BULTMANN, R. 1970. Der zweite Brief an die Korinther: kritisch-exegetischer Kommentar über das Neuen Testament. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- BURY, J.B. & MEIGGS, R. 1975. A history of Greece to the death of Alexander the Great. London: Macmillan.
- CHRYSOSTOMUS, J. 1848. Homilies on the second epistle of St. Paul the apostle to the Corinthians. Vol. 27. Oxford: Parker. (Library of the Fathers.)
- COETZEE, J.C. 1983. Die blye boodskap: gids deur die boeke van die Nuwe Testament. Vol. 1: Die briewe van Paulus. Potchefstroom: Pro Rege.
- COLLANGE, J.F. 1972. Énigmes de la deuxième épître aux Corinthiens: étude exégétique de 2 Cor. 2:14-7:4. Cambridge: Cambridge University Press. (Society for New Testament Studies Monograph Series, no. 18.)
- DAHL, N.A. 1977. Studies in Paul: theology for the early Christian mission. Minneapolis: Augsburg.
- DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, F. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir Gereformeerde eksegete en prediking. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- DREYER, Y. 2003. 2 Korintiërs. (In Landman, C., red. Leefstyl-Bybel vir vroue. Wellington: Lux Verbi. p. 1466-1483.)
- DU RAND, J.A. 1993. 2 Korintiërs. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F., reds. Die Bybel in praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1784-1803.)
- DU RAND, J.A. 1999. 2 Korintiërs. (In Vosloo, W. & Janse van Rensburg, F., reds. Die Bybellennium. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1526-1546.)
- DU RAND, J.A. 2003. 2 Korintiërs. (In Van der Watt, J.G., red. Die Bybel A-Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 737-747.)
- DUFF, P.B. 1991. Apostolic suffering and the language of processions in 2 Corinthians 4:7-11. *Biblical theology bulletin*, 21(4):158-165.
- EPICTETUS. 1928. Discourses. Vol. 2. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- FITZGERALD, J.T. 1988. Cracks in an earthen vessel: an examination of the catalogues of hardships in the Corinthian correspondence. Atlanta: Scholars Press. (Society of Biblical Literature. Dissertation Series, no. 99.)
- HERODOTUS. 1963. *Historiae*. Vol. 2. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- HODGSON, R. 1983. Paul the apostle and first century tribulation lists. *Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft*, 74:59-80.
- HOMERUS. 1936. *Homerica*. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1990. The use of intersentence relational particles and asyndeton in 1 Peter. *Neotestamentica*, 24(1):283-300.
- KERENYI, K. 1978. Athena, virgin and mother in Greek religion. Zürich: Spring.
- KLEMENS VAN ALEXANDRIË. 1982. The rich man's salvation. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- KOEHLER, C.G. 1978. Corinthian A and B transport amphoras. Princeton: Princeton University Press. (Ph.D. dissertation.)
- KROEGER, C. 1987. The apostle Paul and the Greco-Roman cults of women. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 30(1):25-38.

- LATEGAN, B.C. 1984. 2 Korintiërs. (*In Du Toit, A.B., red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Band 5: Die Pauliniese briewe: inleiding en teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 80-94.)
- LONG, F.J. 2004. Ancient rhetoric and Paul's apology: the compositional unity of 2 Corinthians. Cambridge: Cambridge University Press. (Society for New Testament studies. Monograph Series, no. 131.)
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A., eds. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. 1 & 2. New York: United Bible Societies.
- McCANT, J.W. 1999. 2 Corinthians readings: a new Biblical commentary. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- ORIGENES. 1921. De Principiis. Vol. 1. Leiden: Sijthoff. (Oud-Christelike Geschriften in Nederlandsche Vertaling.)
- PHILO. 1961. The migration of Abraham. Vol. 4. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- PLATO. 1953. Phaedo. Vol. 1. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- PLUTARCHUS. 1926. Lives. Vol. 6. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- PLUTARCHUS. 1927. Moralia. Vol. 1-16. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- RENSBERGER, D. 1978. 2 Corinthians 6:14-7:1 – a fresh examination. *Studia Biblica et theologica*, 8:25-49.
- RHODES, P.J. 2006. A history of the classical Greek world: 478-323 BC. Malden: Blackwell.
- SAVAGE, T.B. 1996. Power through weakness: Paul's understanding of the Christian ministry in 2 Corinthians. Cambridge: Cambridge University Press. (Society for New Testament Studies. Monograph Series, no. 86.)
- SCHRAGE, W. 1974. Leid, Kreuz und Eschaton: die Peristasenkataloge als merkmale paulinischer theologia Crucis und Eschatologie. *Evangelische Theologie*, 34:141-175.
- SEMLER, J.S. 1776. Paraphrasis 2: epistolae ad Corinthos. Halle: Hemmerde.
- SISSA, G. & DETIENNE, M. 2000. The daily life of the Greek gods. California: Stanford University Press.
- SPICQ, C. 1937. L'image sportive de 2 Corinthiens, 4, 7-9. (*In Bittremieux, J. et al., eds.* Ephemerides Theologicae Lovanienses: Commentarii de re Theologica et Canonica. Tomus 14:209-229.)
- STRABO. 1949. Geography. Vol. 4. London: Heinemann. (The Loeb Classical Library.)
- THRALL, M.E. 2004. A critical and exegetical commentary on the second epistle to the Corinthians. Vol 1: Introduction and commentary on 2 Corinthians 1-7. London: Clark.
- VAN DER WATT, J.G., red. 2003. Die Bybel A-Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- VAN RENSBURG, J.P.J. 1960. 'n Oorsig van die oud-Griekse letterkunde. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- VERSNEL, H.S. 1970. Triumphus. Leiden: Brill.
- WEISS, J. 1954. Earliest Christianity. Vol. 2. New York: Harper & Row.

WHITBREAD, I.K. 1986. The application of ceramic petrology to the study of Ancient Greek transport amphorae with special reference to Corinthian amphora production. Southampton: University of Southampton. (Ph.D. dissertation.)

**Kernbegrippe:**

2 Korintiërs 4:7

kleipotte

Korinte

skat in die kleipot

sosio-historiese eksegeses

**Key concepts:**

2 Corinthians

clay pots

Corinth

socio-historic exegesis

treasure in the clay pot